GEHOOR EN PRAAT GETUIENIS VAN ONBEPERKTE POTENSIAAL

JANUARIE 2016

As jy die geleentheid het om die Carel du Toit Sentrum in Parow te besoek sal jy die vreugde van kinders se stemme ervaar op 'n onverwagse wyse. Jy sal die sagte flikkerende ligte van hul gehoorapparate sien. Jy sal hoor dat gesprekke dieselfde is as vir enige horende kinders. Dan sal jy die omvang besef van hoe jou ondersteuning die Carel du Toit Trust in staat gestel het om die lewensveranderende werk van die Sentrum voort te sit. By hierdie skool het jy gehelp om die lewenspaaie van gehoorgestremde kinders te bou, wat leer om te praat en te floreer.

Ons het almal iets of iemand waarvoor ons dankbaar is en hierdie ma se storie is van hoe sy haar dankbaarheid beleef het. Dankbaarheid vir haar kosbare dogter en dankbaarheid vir die gesproke taal wat sy gevrees het sou nie moontlik wees vir haar gehoorgestremde kind nie.

Dit is Helette se storie...
"Mieke is 12 - 14 weke te vroeg gebore en het 'n skamele 495 gram geweeg. Ons gesin was skielik in 'n onbekende en skrikwekkende situasie, wat nie geweet het wat om volgende te verwag vir ons kosbare gehospitaliseerde pasgebore baba nie. Die wagperiode vir haar om 'dit deur die volgende 24 uur te maak', het verander in 119.5 dae!

In die Neonatale ICU het mediese terme soos CPAP, bradikardie en resussitasie normale terme geword, en het die eens senutergende klanke van monitors vertroosting gebied. Ons het drie weke gewag vir haar om haar oë oop te maak en vir haar ore om ten volle te vorm. Dit was eintlik 'n voorreg om my dogter se ontwikkeling op hierdie manier te beleef.

Gereelde oog- en gehoortoetse is gedoen en hoewel sy nie haar gehoortoets in haar linkeroor geslaag het nie, is dit later weer getoets en gevind dat niks fout is nie. As ons oor beter kennis in daardie tyd beskik het, sou ons nog 'n toets aangevra het. Ses weke na haar ontslag het sy met fisioterapie begin. Ons het besef dat haar spraakontwikkeling nie op dieselfde vlak as haar maats was nie en op die ouderdom van vier kon ons nie langer die feit ignoreer dat sy nog nie praat nie, veral aangesien sy spraakterapie ook ontvang het. Ek het die fisioterapeut geraadpleeg vir leiding na 'n emosionele dag en sy het my in kontak met 'n arbeidsterapeut geplaas om te bepaal of enige fisiese probleme haar ontwikkeling verhinder. Ons afspraak was by die Carel du Toit Sentrum en daar het ons vennootskap met hierdie organisasie begin. Mieke is aanvanklik aanvaar as gevolg van haar ernstige taalagterstand en apraksie vanaf geboorte en is ingeskryf in 2012.

Ons het deelgeneem aan kritiese ouerleidingsessies eenmaal per week om te leer hoe om Mieke te help om optimaal te vorder. Ons het besef daar was dinge wat ons moes ophou doen om Mieke te help - eenvoudige dinge soos om haar sinne vir haar te voltooi in plaas daarvan dat sy dit self doen. Ons moes ook ophou om verkeerde sinne te herhaal, maar eerder vir haar die kans gee om weer te probeer.

In 2013 is Mieke se gehoor getoets by die Sentrum. Die diagnose was 'n matige gehoorverlies in haar linkeroor en dat sy 'n gehoorapparaat benodig. Sedert sy die gehoor apparaat dra, het Mieke se spraak vinnig verbeter en het sy goed gevorder in alle gebiede waar sy voorheen gesukkel het. Sy het geleer om te praat en ons is baie dankbaar daarvoor. Ons het gesien hoe Mieke begin blom en verander van 'n skaam, onseker dogtertjie na 'n pragtige skoenlapper. Ons liefling dogter het die 'Praat Trofee' in 2013 ontvang vir die leerling wat die beste vordering in spraak vir die jaar gemaak het.

Die Carel du Toit Sentrum is beslis 'n voorkeur keuse vir 'n kind wat gehoorgestremd is ."

- Helette Slabber
Trotse Ma van Mieke

Carel du Toit
Waar dowwe kinders leer praat
Where deaf children learn to speak

Besoek **www.careldutoit.co.za** vir meer inligting.